# AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

## SONDAG 29 OKTOBER 2023

**TWEE EN TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD**

# GEMEENTE DAGBOEK

## GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Tiendemaanddankoffer***

## LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Matteus 23:1-12; Josua 3:7-17**

**Psalm 107:1-17, 33-37; 1 Tessalonisense 2:9-13**

| **SONDAG, 29 OKTOBER** |
|---|
| POSDAG<br>HERVORMINGSFEES<br>DANKBAARHEIDSONDAG<br><br>09:00 Oggenddiens – Ds Chris Barnardo<br>TIENDEMAANDDANKOFFERINSAMELING<br>Deuroffer ten bate van: Gemeente-ontwikkeling<br>Erediensspan 3 – Neels Kruger<br>09:00 Kinderkerk<br>09:00 Kleuterkerk<br><br>• **Senior kategese** na afloop van die oggenddiens<br>• **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens |
| **MAANDAG, 30 OKTOBER** |
| 18:00 Kooroefening<br>19:00 Sportmanne Bybelstudie<br>19:00 Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 31 OKTOBER** |
| 09:30 Senior Burger Bybelstudie |
| **WOENSDAG, 1 NOVEMBER** |
| 09:30 Vroue Bybelstudie<br>09:30 Othello Biduur |

| DONDERDAG, 2 NOVEMBER |
|---|
| 09:30 Dienssentrum vir Seniors – Mnr Damons van Brandweer<br>19:00 Gemeentebediening & Blokleiers vergadering<br><br>Sopbeurte: Juanita Horn, Mari Bothma, Ronel le Grange, Roezan Lewis, Lyta van Wyk, Jacomina Swart, Angelique Steyn |
| **VRYDAG, 3 NOVEMBER** |
| 09:00 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer |
| **SATERDAG, 4 NOVEMBER** |
| |
| **SONDAG, 5 NOVEMBER** |
| DRIE EN TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD<br><br>09:00 Oggenddiens<br>Deuroffer ten bate van: Alta du Toit Nasorg<br>Erediensspan 1 – Lorraine Louw<br>09:00 Kinderkerk<br>09:00 Kleuterkerk<br><br>• **Senior kategese** na afloop van die oggenddiens |

# GEMEENTENUUS



1. Sybil Smit (Koopmanskloof) se groot operasie het baie suksesvol afgeloop. Sy is steeds in die Intensiewe Sorgeenheid.
2. Hein Gericke (Krisantsingel) se kleinkind, Sion, het ook ‘n groot operasie ondergaan. Dit gaan baie goed met hom.
3. Pottie Potgieter (Franckestraat) het ‘n operasie ondergaan.
4. Luci Mulder (Ansteystraat) is tans in die hospitaal.
5. Isobel Gresse (Waboomstraat) se susterskind het tydens ‘n transitorooftog in die spervuur gesterf.
6. André Smuts (Grysbokstraat) se susterskind wag op ‘n hartoorplanting. Bid asb vir hulle.
7. Petra Wickens (Brackenfell) het goeie nuus oor haar gesondheid ontvang.

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Ons benodig gemeentelede wat kan help met die voorsang by eredienste. Kom help ons asb! Gee jou naam by die kerkkantoor.
2. Die toelatingskommissie se onderhoude met vanjaar se finalejaars vind vanoggend net na die erediens plaas.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK



29/10 Hannetjie Keyser
30/10 Mariette Swart, Jeanne Cillié, Natasha Albertyn, Elbie Venter, Petrus Wilders
31/10 Chris Hanekom
1/11 George Fullard, Koos Voigt(83), Lianné van Schalkwyk, Lihan Swanepoel
Susie Engelbrecht(92), Elmaré van der Merwe, Da-Vanté van Papendorp
2/11 Jovan de Bod, Lehani de Koker
3/11 Sandra du Toit, Danny Heyns(84), Elize Steenkamp(86)
4/11 René West, Mariana Bosman(84)

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

**Gemeente-ontwikkeling /Nuwegeloofsgemeenskapontwikkeling (NGGO)**
Die roeping van NGGO/GKS is om saam, as familie van missionale kerke, by God se sending in die wêreld betrokke te wees deur nuwe geloofsgemeenskappe te ontwikkel.

Fokusareas van NGGO/GKS:

- Visionering, mobilisering en kommunikasie van alle sake wat verband hou met NGGO.
- Ontwikkeling van opleidingsmateriaal sowel as die aanbied van opleidingsgeleenthede sodat kerkraadslede en predikante toegerus kan word om NGGO's te vestig.
- Vestiging van vennootskappe, netwerke en ander samewerkingsgeleenthede met alle rolspelers binne Sinodale en Ekumeniese verband met die oog op effektiewe NGGO's.
- Begeleiding en ondersteuning deurlopend aan Kerkrade, ringe en NGGO ontwikkelaars.
- Navorsing wat verband hou met NGGO.
- Ontginning van finansiële hulpbronne vir die vestiging van nuwe geloofsgemeenskappe en struktuurontwikkeling.
- Bied kundige hulp aan nuwe geloofsgemeenskappe insake fondse en infrastruktuurontwikkeling.

Ds Gustav Meyer | 021 808 3381 | gam@mweb.co.za
Ds Stephan Pedro | 021 957 7183/4 | stephen@kaapkerk.co.za

# SENIOR KATEGESE

Ons Senior Kategese verkoop swart vullissakke vir fondsinsameling ten bate van Jeug projekte.

Elke huishouding gebruik swart vullissakke en ons kwaliteit is baie goed.
Dis sterker (40mic) teenoor die winkel (18-20mic) se sakke.



20sakke @ R45 10sakke @ R23

Kontak die kerkkantoor indien jy belangstel.

# KERSLIEDERE SAAM MET AMIRA

Kersliedere saam met Amira Willighagen

Sondagoggend 26 November 2023
Tyd: 09:00
Plek: De Eike

# KERSGESKENKE VIR VGK KOELENHOF KINDERS

Baie dankie aan al die lidmate wat kaartjies geneem het om geskenke vir die kinders te koop.

Geskenke moet asb teen 17 November 2023 by die kerkkantoor wees.

# WEES ‘N SEËN

Met die oog op die Tiendemaanddankoffer-insameling wat hierdie Sondag begin en ons tema "Geseënd om te seën", wil ek graag net een sin uit Genesis 12:2 deel. God sê vir Abraham:

"…Ek sal jou seën en jou ‘n man van groot betekenis maak, en jy moet tot ‘n seën wees."

Elkeen van ons kan getuig van God se seëninge, maar ons mag nie dit wat ons ontvang, net vir onsself hou nie. Ons deel Abraham se opdrag om ook vir ander wat oor ons pad kom tot seën te wees, en so vir God te eer.

Kom ons spits ons in die week wat kom daarop toe om ‘n geleibuis vir God se liefde te wees!

# KUILSRIVIER SOMER MUSIEKFEES

*Kuilsrivier-Suidkerk bied aan:*

Kuilsrivier Somer Musiekfees
4 November 2023
Kuier en kosverkope begin 16:00
Musiekfees begin 17:30
Koste: R50 (sluit in glasie wyn)
R40 vir Senior Burgers en kinders onder 18

Kunstenaars wat optree

HS De Kuilen Senior Koor
Marlie Katzke
Honour in song
Kuilsrivier- en Kuilsrivier-De Eike Koor
VGK Sarepta se Mannekoor
Tina Stodart Musiek Skool

Kaartjies aanlyn beskikbaar: www.suidkerk.org.za – Winkel of
http://pay.yoco.com/ng-kerk-kuilsrivier-suid

# DIE KOSMANDJIE

Liewe Lidmaat

Met die oog op Desembermaand, vra Die Kosmandjie sommer noual jou ondersteuning. Ons het lidmate tussen die ouderdomme van 1 jaar en tagtig jaar, wat jou hulp *regtig baie nodig* het. Die spens is tans besonder leeg.

Langlewemelk (elke liter help!)
Tamaties (in 'n blikkie! - enige soort)
Blikkies mielies, ertjies, bone, gemengde groente
Mieliemeel (pap)
"Bully Beef"
Grondboontjiebotter
Suiker
Kookolie (750ml)
Soppoeiers
Tuna

Bring gerus ook enigiets wat hierdie tyd van die jaar sal opvrolik, soos jellie, kondensmelk, vrugte of vla
Jou hulp is 'n getuienis. *DANKIE!*

Mandjie-groete

# KLERE EN VERE

Pak jy nou kaste reg op soek na somersklere? Bring asseblief vir ons alles wat jy nie langer kan of wil gebruik nie. Klere, skoene, linne, komberse en kombuisware - enigiets is welkom.

MES (Google gerus mes.org.za om te sien watse wonderlike werk hulle doen!)
Ons het pas 'n bakkievrag klere, ens by hulle kantoor in Bellville afgelaai. Hulle sê, *dankie De Eike!*

Groetnis
2 Vere

# JAN KRIELSKOOL

Die Jan Kriel Instituut, ten bate van Jan Kriel Skool leerders, bied elke jaar hulle Liggieboom geleentheid aand. Sluit by ons aan vir 'n familie-vriendelike aand wat optredes van beide die kinders en Desmond Wells insluit asook 'n danksеggingsdiens om die jaar af te sluit. Hekke en kosstalletjie open om 17h30 en die program begin 19h00. Die hoogtepunt van die aand is die aanskakel van die Liggieboom, wat elke jaar spog met meer as 10 000 geborgde liggies!
Kom kuier saam en maak 'n verskil- GEE 'N KIND 'N KANS! Vir Jan Kriel ondersteuners wat hulself nie in die Kaap bevind op **25 November 2023** nie, is dit 'n gulde geleentheid om 'n bydrae te maak deur 'n liggie of meer te borg. Selfs een liggie maak 'n onmeetbare verskil in 'n leerder se lewe.
Besonderhede by www.liggieboom.co.za of kontak events@jankriel.co.za vir verdere inligting.

# PREEKSKETS

## TEMA – Laat ons “SKITTER” vir die Here en die wêreld!



Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Levitikus 19: 1-18

**1. Inleiding.** Die woord “heilig” is afgelei van die Hebreeuse woord “skitter” of “blink”.

Vers een is God se droom vir sy mense. Skitter want EK skitter.

**2. Waarmee het heiligheid, om te “skitter”, te make?** Dit is ons wat opgeroep word om heilig te lewe. Dit is ons wat geroep word om in hierdie lewe te “skitter”. Die Heilige God straal 'n verblindende glans uit, God is totaal anders. God vra van ons om totaal anders te lewe. Die woord daarvoor is **HEILIG**. Vriende, hier ontdek ons dat God se “skitterende” mense oop hande het, wat moeite doen met hulle interpersoonlike verhoudings. Heilige mense is mense wat anders onder mekaar en anders in die groter wêreld van die samelewing lewe. God se volk dóén anders, want hulle het die heerlikheid van God gesien.

**3. Is ons in staat om te skitter?** Die dag wanneer jy jou hande oopmaak begin jy “skitter”. Die dag wanneer jy nie meer krampagtig vasklou aan jou wêreldjie en jou goed nie, begin jy “skitter”. Die dag wanneer jy jou geloof ernstig BEGIN opneem. Die dag wanneer jy die moed het om vreesloos, in geloof, die wolk van misterie binne te gaan. Want in die sentrum gaan jy liefde kry. Liefde wat jou hande oopmaak. Liefde wat jou laat “skitter”. Skitterende liefde wat maak dat Levitikus 19 nie ’n las is nie, maar ons sterwe om skitterende mense te word. Ware spieëlbeelde van ons skitterende God en ’n lig vir medemense wat ook geroep is om te “skitter”.

**4. Slot.** Gelowiges “skitter” die lig en liefde wat God eerstens in hulle lewens belig teenoor ander. As jy vanoggend met klemmende hande in hierdie kerkgebou sit, wil ek jou uitnooi om God te vertrou. Moenie bang wees dat jy gaan verloor nie. Stap vreesloos daardie wolk van misterie binne en ontdek die liefde wat jou hande oopmaak en laat “skitter”.